Vis en brood in die Sentraal-Karoo

Soos in baie landelike gebiede is armoede 'n groot probleem op Prins Albert, 'n dorp in die Sentraal-Karoo. Die Covid-19-pandemie het boonop die Prins Albert-gemeenskapstrust se werk op sy kop gekeer. Die enigste uitweg was om aan te pas, uit te reik en omgee te wys. Ingrid Wolfaardt van die trust vertel meer.

Wie sou kon dink die stadige en voorspelbare ritme van die lewe op die platteland kan só ontwrig word deur 'n wêreldkrisis doer ver?

In 'n krisis kan daar op verskillende manier gereageer word: Help diegene rondom jou, of konsentreer op selfbehoud. Dit lê bloot wat jou geloofstelsel is. Maak jy die deur toe of gooi jy dit wyd oop om jou bure in te laat, en selfs vreemdelinge uit die moeilikheid te help? Jy kan die krisis ontken en hoop die nagmerrie sal gou verby wees. Of jy kan met durf en moed die vrees tegemoet loop en die regte ding doen, net omdat dit die regte ding is om te doen.

Die Prins Albert-gemeenskapstrust (PAGT) is 'n oorkoepelende organisasie vir landelike ontwikkeling op die dorpe Prins Albert, Leeu-Gamka en Klaarstroom. PAGT se reaksie op die Covid-19-krisis te midde van landelike armoede en kinderhonger was die regte ding om te doen.

1

2

3

KRISIS AS 'N GELEENTHEID

Die pandemie het die swaarkry van landelike gesinne vererger. Ons het egter gou geleer dat teenspoed geleenthede skep. Ons moes ons werk en gemeenskapsbetrokkenheid aanpas om die maatskaplike en ekonomiese bedreigings wat Covid-19 meegebring het, die hoof te bied. Ons het onsself afgevra: "Hoe kan die organisasie en die gemeenskap met wie ons werk, hierdie teenspoed aanpak?" Om relevant en doeltreffend te bly, moes PAGT die teenspoed in 'n geleentheid omskep.

Skole het op Woensdag, 18 Maart, gesluit en 'n einde gemaak aan 'n daaglikse maaltyd vir baie kinders. Kinders was op straat, en ons het besef ons moet iets doen. Met herfs in aantog sou die kwesbaarstes op ons dorp in gevaar wees. Die PAGT-span het aan die werk gespring.

Ons het met 'n rooi houer by die deur van die plaaslike supermark begin. Teen die aand het ons 5 kg mieliemeel, een fles grondboontjiebotter en twee sakkies suiker gehad. Binne vyf weke het ons met nieregeringsorganisasies, die plaaslike regering, individuele skenkers en vrywilligers uit die gemeenskap saamgespan en daaglikse maaltye aan honderde kinders, bejaardes en kwesbare mense op Prins Albert, Leeu-Gamka en Klaarstroom versprei.



BYBELSE VERHAAL

In baie opsigte was dit 'n Bybelse vissies-en-broodjies-verhaal. Van minder as 'n handjie vol tot 'n breër gemeenskaplike reaksie. Van baie min geld en hulpbronne tot 80 nuwe skenkers en meer as 60 jong vrywilligers. Oud en jonk, mans en vroue, swart en wit, dié wat het en dié wat minder het.

Covid-19 het ons toegelaat om mekaar met meer as net kos te voed.

Ons aanpassing by die krisis sou nie gebeur het sonder die verhoudings wat die afgelope agt jaar sorgvuldig opgebou en gekoester is nie.

Ons plaaslike staatsamptenare was net 'n foonoproep ver. Jong mense wat by die trust betrokke is, het vrywilligers gewerf om met die ontwikkeling van 'n gemeenskapskombuis te help. Ons "gemeenskapskampioene" en vennote het kom vra: "Hoe kan ons help?"

Sonder rigtingwysers vir die krisis het ons volgens instink gewerk. Ons het geweet dis uiters belangrik dat ons mense veilig hou. Ons het dus streng by die Covid-19-protokolle vir gesondheid en veiligheid gehou. Dit was geen maklike taak om die honderde kinders te organiseer wat elke dag 'n verpakte ete kom haal het nie. Tog het kinders en jong mense mekaar regdeur die krisis geesteskrag en dissipline geleer.

4

5

1. Toe skole weens die Covid-19-inperking sluit, sou dit beteken talle kinders kry nie meer 'n daaglikse maaltyd nie. Die Prins Albert-gemeenskapstrust het ingespring om seker te maak hulle kry steeds kos.
FOTO'S: VERSKAF

2. Aanvanklik het die Prins Albert-gemeenskapstrust 'n houer by die plaaslike supermark neergesit waarin mense kosskenkings kon sit. Binne 'n paar weke het dit gegroei tot 'n spanpoging om daagliks etes aan kinders, bejaardes en weerlose mense in die omgewing te voorsien.

3. Die maaltye is verpak sodat Covid-19-veiligheidsprotokolle nagekom kon word.

4. 'n Seuntjie hardloop huis toe met sy kospakkie in die hand.

5. Honderde kinders het elke dag gekom vir 'n maaltyd.

JONG LEIERSKAP

PAGT se jeug- en vaardigheidsontwikkeling lê ook klem op die ontwikkeling van die leierskapvermoë van jong mense.

Die bedreiging van voedselonsekerheid het jong mense die kans gegee om leiersrolle te aanvaar. Alumni van ons jeugprogramme het hul tyd en energie in die gemeenskapskombuis aangebied.

Jong mense wat 'n paar jaar gelede deel van ons kuns- en opvoedingsprogramme was en hoërskoolleerders wat aan ons naskoolse programme deelgeneem het, het hul kant gebring en kom help. Hulle het ses maande lank daagliks leierskap in die gemeenskap uitgeleef. As ons ooit bewyse van die waarde van ons werk wou sien, het die Covid-19-krisis die vrugte van ons agt jaar lange reis met die jeug van die Noordeinde-gemeenskap van Prins Albert getoon.

NUWE TYDPERK

Die Covid-19-tydperk sal dié oomblik vir verandering en 'n nuwe visie wees. Terwyl ons fisiek ingeperk is, is dit nie geestelik die geval nie. Jy moet egter die visie hê en weet hoekom jy dit doen. Daardie begrip hou jou geanker en toegespits deur alles wat met die skep van iets nuuts gepaard gaan. Stadigaan sien ons die begin van die post-Covid-tydperk, selfs in landelike Prins Albert. Daardie verandering word deur jong mense gelei.

Ons het 'n leierskapprogram spesifiek vir die jeug ontwikkel genaamd Hope Warriors. Dit is gemik op jong mense van 15 tot 31 jaar. Ons junior-Knipoog-mediaspan gebruik selfoonvideo's om die belewing van die inperking deur die gemeenskap te dokumenteer.

Die oudisies vir ons kunsteprogram is virtueel gedoen. Kunstenaars se vertonings is regstreeks gestroom en kunsfasiliteerders het inhoud op sosialemediaplatforms geplaas.

Ons het met beperkte vermoë en toerusting, ou selfone en min data gewerk, maar tog die momentum behou. Die plasing van kort video's en ander inhoud op mediaplatforms het verseker dat jonk en oud in verbinding kon bly. Ons moes die terrein van inligtingsoordrag deurkruis in hierdie tyd van fisieke afstandhouding terwyl ons vriendskapsbande gesmee het.

Die Covid-19-tydperk is werklik 'n nuwe hoofstuk vir die samelewing. Ek weet, want ek beleef dit op 'n klein dorp in die Sentraal-Karoo. Die grendeltyd het jong mense die geleentheid gebied om uit te blink en die krag binne hulself te vind. Om hul werklikheid en dié van hul gemeenskap en dus hul kollektiewe toekoms te vorm.

Daar is geen omdraaikans nie. Jong mense soos Prins Albert se Hope Warriors sal die pad aanwys na 'n welwillender, veiliger, gesonder gemeenskap vir almal. Hulle is ons hoop. **LBW**

Ingrid Wolfaardt is die uitvoerende voorsitter van die Prins Albert-gemeenskapstrust.

NAVRAE: Web: **https://pactrust.co.za/**

HART TOT HART

DS. KOBUS VAN DER WESTHUYZEN

Die nuwe aarde

Ek weet nie of jy wat nou hier lees, een van die getroue lesers van die rubriek is nie, maar laat my asseblief toe om jou 'n guns te vra – sommer 'n groot guns. Hier volg dit: "Vertel my wat jy weet van die 'nuwe aarde' en hoe ek dit moet verstaan?" Is jy verbaas dat ek met só 'n vraag na jou toe kom? Hoor ek jou vra: "Maar is jy dan nie 'n Skrifgeleerde wat veronderstel is om heelwat van hierdie onderwerp te weet nie? Bestudeer jy dan nie die Bybel en preek jy nie daaruit nie?"

My antwoord is dalk vir jou skokkend, maar darem opreg en eerlik: "Ja, ek weet wat ek veronderstel is om te doen, maar ek doen dit nie, want ek is nie in staat om dit tot my eie bevrediging te doen nie." Vra jy my dalk waarom ek nie ander mense raadpleeg nie, is my antwoord: "Male sonder tal het ek al probeer, maar dit was sonder sukses. Ja, die Bybel praat wel oor die nuwe hemel en die nuwe aarde (vgl. Jes. 65 en Op. 21) en gee vlugtig insae in die aard daarvan, maar met groot respek gesê, bly dit nog onbevredigend onklaar. Is dit simboliese taal of moet ons dit letterlik verstaan?"

> Daar is nog soveel mooi op planeet Aarde dat 'n mens nie vir 'n oomblik daaraan wil dink dat dit vernietig kan word nie.

En verder: "Wat gaan van die bestaande aarde word? Gaan dit vernietig word of totaal vernuwe?" Dat die aarde deur óns toedoen uiters swak bestuur word, is skokkend waar, maar ten spyte daarvan is daar nog soveel mooi op planeet Aarde dat 'n mens nie daaraan wil dink dat dit vernietig kan word nie.

Persoonlik begeer ek – en ek hoop nie dit sal my tot sonde gereken word nie – dat die planeet waar ek bevoorreg is om te bly, volkome nuut gemaak sal word en ons in 'n volmaakte verhouding met Christus sal leef. Ek vra nie vir meer nie. Dit sal vir my "hemel op aarde" wees.

As ek die Bybel reg verstaan, het Christus reeds hierdie proses van nuut maak begin. My roeping behels dan dat ek my medemens moet help voorberei om met die nuutmaak-beweging voort te gaan.

Ten slotte: My beroep (versoek) aan jou bly staan nog soos aan die begin: "Vertel my wat dink jy van die nuwe aarde?" **LBW**